higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TIMMERWERK EN DAKWERK
NKR VLAK 4

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Waar✓ (1)

1.1.2 Waar✓ (1)

1.1.3 Onwaar✓
'n Timmerman benodig 'n afgetekende ontwerp deur 'n ingenieur vir alle geiserstutdekke wanneer die geiserkapasiteit groter as 250 ℓ✓ is en die dakkapontwerp groter as 8 m is.✓ (3)

1.1.4 Onwaar✓
Volgens SANS 10400 mag jy nie enige lid van 'n dakkap verwyder of sny om spasie vir 'n geiserstut te maak nie. ✓✓ (3)

1.1.5 Waar✓ (1)

1.2
- Die geiser sal gou temperatuur tydens koue weer verloor.
- Die geiser kan deur slegte weer beskadig word.
- Die loodgieterswerk kan ingewikkeld wees en kan 'n uitwerking op die koste van die installasie weens vêr afstande hê. (Enige 2 × 1) (2)

1.3



Verspringende bespykering: 2
Afstand verby kapnodusse: 2
Totaal: 4

(4)

[15]

VRAAG 2

2.1
- Plafonne sal die algehele waarde van die huis verhoog.
- Plafonne sal die voorkoms van die kamer verbeter.
- Plafonne sal help om temperatuurverandering te beperk.
- Plafonne sal die oordrag van klanke verminder.
- Plafonne sal verhoed dat stof onder die dak inwaai.
  Let wel: Nie stabiliteit nie (Enige 3 × 1) (3)

2.2
- Maak seker dat die mure en onderkant van die bindbalke parallel is.
- 'n Verskil van minder as 15 mm kan verstel word deur die lede effens uit te sprei.
- Kap 'n spyker liggies op die eerste ondergord ongeveer 10 mm van die muur weg.
- Herhaal die proses aan die teenoorgestelde kant van dieselfde muur 90º met die kappe.
- Ryg 'n lyn tussen die twee spykers.
- Kap spykers liggies in die res van die ondergorde om 'n reguit ry spykers parallel aan die muur te vorm.
- Maak 'n bondel planke oop en kies een wat reguit is.
- Sny die punte van die plank vierkantig en plaas die groefkant teen die spykers.
- Die eerste lid sal twee spykers per ondergord hê.
- Een spyker sal reg deur die plank langs die muur gaan en die tweede spyker sal teen 'n hoek wees. (Enige toepaslike 10 × 1) (10)

2.3 Dit is kort stukke latwerk✓ wat teen 'n hoek van 90º✓ tussen die langslatwerk aangebring word, wat vierkante van 300 mm × 300 mm vorm.✓
Dit word deesdae selde gebruik, want die nuutste plafonmateriaal is stewiger en verg nie ekstra steun nie.✓ (4)

2.4 2.4.1 38 mm × 38 mm✓ 75 mm spykers✓
2.4.2 38 mm × 75 mm✓ 100 mm spykers✓ (4)

2.5



(5)

2.6 In 'n geteëlde dak is die kappe ongeveer 760 mm uitmekaar,✓ wat 'n ideale grootte vir 'n valdeur is. Die bindbalke kan dus vir twee kante van die valdeuropening gebruik word.✓ In 'n dak wat met gegolfde sinkplate bedek is, sal die kapspasiëring ten minste 1 200 m wees,✓ wat te groot vir 'n valdeur is, en daarom sal vier stukke hout vir die valdeuropening gebruik moet word.✓ (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- 5 400 ÷ 1 800
  = 3✓
- 120 mm – 8 mm
  = 112 mm✓
- 3 360 ÷ 112
  = 30 ✓
- 3 × 30
  = 90 planke✓✓ (5)

3.1.2 5 400 ÷ 415 ✓
= 13 vloerbalke✓ (2)

3.1.3 Dravlaklengte 75 mm✓
Vryruimte 10 mm✓ (2)

3.1.4



Skets (6 × ½): 3
Byskrifte (Enige 4 × ½): 2
Totaal: 5

(5)

Kopiereg voorbehou

3.2



(6)
[20]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 4
4.1.2 in
4.1.3 paneeldeure
4.1.4 nadat
4.1.5 vloer

(5 × 1) (5)

4.2 Wangerigte wange beteken dat die wange uit dieselfde vlak verdraai is✓ en nie vertikaal in lyn sal wees nie.✓ (2)

4.3
- Assesseer die deurraam.✓
- Merk die deur✓ en deurkosyn saam.✓
- Bring die deur aan.✓
- Werk die deur af en ontlas dit.✓
- Bring die slot en handvatsels aan.✓ (6)

4.4
- Ratelomslag
- 12 mm-awegaarboor
- 12 mm-beitel
- 25 mm-beitel
- Spykerels
- Wielomslag
- Skroewedraaier
- Klouhamer
- Klophamer
- Winkelhaak/Kombinasiewinkelhaak
- Meetband (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.5 4.5.1 Verhoed dat reënwater onder die deur inkom.
4.5.2 Maak dit moontlik om 'n deur in 'n gedeeltelike oop posisie aan te bring.

(2 × 1) (2)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Kwesbaar vir waterskade
- Verg omranding
- Swak skroefhouvermoë (Enige 2 × 1) (2)

5.2
- Merk die posisie van die gate op die hegklamp.
- Posisioneer die kas korrek.
- Boor deur die hegklamp en in die muur tot die korrekte diepte.
- Sit die spykeranker in.
- Slaan die spykeranker stewig in die muur vas. (5)

5.3
- Voorkom kromtrekking
- Verseker dat dit styf teen die muur pas (2)

5.4
- Heg 'n klamp teen die agterkant van die uitholling.
- Heg klampe aan die kante van die uitholling.
- Meet die vereiste grootte van die rak.
- Sny die rak tot die korrekte grootte.
- Skroef die rak bo-op die klampe vas.
- Skroef 'n strookrand aan die voorkant van die rak vas om dit te versterk. (6)

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou